



# Helderstem

[www.nghelder.co.za](http://www.nghelder.co.za) - 021 851 5582 - [kommunikasie@nghelder.co.za](mailto:kommunikasie@nghelder.co.za)

## Skyn jou lig vir Jesus

Lukas 11:33-53

Ons almal weet dat ons geroep is om lig te wees in hierdie wêreld. Maar in Lukas 11 kom Jesus en hy vat hierdie metafoor en hy draai dit om. Ons wat lig vir hierdie wêreld moet wees kan die duisternis vir hierdie wêreld wees.

Ons wat die sleutel het om die koninkryk van God vir mense oop te sluit kan die koninkryk van God vir onself en vir mense toesluit. Is dit moontlik dat jou Teologie so goed kan wees dat jy nie meer vir Jesus kan raaksien nie?

Vandag in hierdie wêreld het ons die voorreg om God se lig te laat skyn, te deel in sy vreugde. Ons grootste opdrag is nie om vir almal te sê wat en hoe hulle moet glo nie, maar om God se lig so te laat skyn dat mense na Hom kom, omdat hulle Hom sien.

In Helderberg Gemeente wil ons so met 'n passie vir God lewe dat mense by God wil wees en dit beteken ook dat hulle saam met ons wil wees. Ons wil die wêreld bereik nie omdat dit 'n opdrag is nie, maar omdat ons nie anders kan as om van Jesus te straal nie.



## Sondag 10 Maart

*Skyn jou lig vir Jesus*

*Lukas 11:33-53*

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek (doop)	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

*Deurkollekte: Sri Lanka*



### WiFi

Aanteken - NG-Guest

Wagwoord - 6!CPwYxg

## Sondag 17 Maart

*Lukas 12:13-21*

08:00 Meditatief	Werner Schultz
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Werner Schultz
09:30 Informeel	Hannes Theron
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Lizette Louw
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

## Bid saam met ons vir die volgende mense:

Helene Swart - kanker  
Fanie Schoeman - kanker  
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings  
Ria Sass - heupoperasie  
Botha Marais - herstel na operasie  
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme  
Van Zyl Siebert - kanker  
Kerneels Erasmus - voetoperasie  
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker  
Evi van der Merwe – kankerbehandeling  
Isella van der Walt se pa - dementia en in hospitaal  
Hennie Albertyn - herstel na beroerte  
Lizette van der Walt - beenmurgkanker, besluit oor behanderling  
Ilze Havenga - wag op niervervanging  
Anne-Marie Visser - ernstig siek in hospital  
Nico Koch - herstel na rugoperasie  
Siena du Plessis - hospital  
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker

*Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of [ontvangs@nghelder.co.za](mailto:ontvangs@nghelder.co.za)*

# Dagboek

## 16 Maart - Phuket-uitreik

Span vertrek na Phuket

## 13 April - Herfsmakietie

Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting

## 15 April - Groot lydensweek

Besoek die 18 kruiswegstasies in die Tent

## 4 Mei - Huweliksverrykingskursus

Stuur jou kontakbesonderhede vir die kerkkantoor

## #40 DAE – 40 ITEMS

In die 40 dae vestyd in Lydenstyd gee ons gewoonlik iets soos sjokolade of kaffie op. Maar hier is iets anders wat jy kan probeer!  
Sit elke dag, vir 40 dae 'n item in jou huis of klerekas wat jy nie meer gebruik of aantrek nie, in 'n groot sak. Aan die einde van Lydenstyd bring jy dit vir die Dienssentrum.

## Kerkkantoorure

Gedurende die skoolvakansie sal die kerkkantoor 13:00 sluit, van 15 - 29 Maart.

Die kerkkantoor sal op 22 Maart gesluit wees agv Menseregtedag op 21 Maart.

## Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers:

Coenraad en Madré Fraenkel met hulle kinders Miené en Lienke – Strand-Noord  
Marica Rowles – Redelinghuys  
Pieter en Susan Swanepoel - Stellenbosch-Welgelegen  
Wilene Taljaard - Strand-Noord  
Jaco en Hanlie van Niekerk met hul dogtertjie Lehané



## Die week:

### Dinsdag 12 Maart

06:00 Kom bid saam - Tent  
17:45 Kantory oefen

### Woensdag 13 Maart

19:00 Doopgesprek - Kapel

### Donderdag 14 Maart

17:30 DC, S&P, GS en DC4K

### Vrydag 15 Maart

Skole sluit

## Die volgende ouerpaar doop op 10 Maart:

*Klassiek*

Kobus en Monique Möller met Emke

## Gebed vir die week:

Here dankie vir die voorreg om te weet: U koninkryk is naby; nader as wat ons dink of besef. Dankie vir die voorreg om mekaar daaraan te mag herinner dat U koninkryk naby is en mekaar te help om iets van U koninkryk raak te sien en dit saam te beleef. Here wat 'n voorreg om saam op pad te wees met U, met mekaar en die wêreld. Ons tree ook in vir ons leiers en die onderskeie politieke partye, veral in die tyd op pad na die verkiesing. Ons bid dat elke landsburger in die tyd hom/haar sal oop stel vir die proses om met geloofsonderskeiding sy/haar stem uit te bring. Amen.

# #40 DAE – 40 ITEMS uitdaging

Die 40 dae vastyd in Lydenstyd behels 'n hertoewyding aan die Here. Dit gaan oor 'n doelbewuste toegespitsheid op God, op sy teenwoordigheid in jou lewe en wêreld. Dit gaan oor 'n nuwe vasberadenheid om op pad met Jesus te wees en vir Hom te leef en 'n verskil te maak in die wêreld. Dit sal gebeur as jy in die vastyd ophou dink aan jouself en jou eie vermaak en plesier, en doelbewus dink aan die Here Jesus, en aan ander.

Daarom nooi ons jou uit om deel te word van ons **40 DAE-40 ITEMS** uitdaging. Sit vir die volgende 40 dae, elke dag 'n item uit jou huis of klerekas wat jy nie meer gebruik of aantrek nie, in 'n groot sak. Aan die einde van Lydenstyd bring jy dit vir die Dienssentrum wat dit sal versprei aan mense wat dit nodig het. Maak jou hele gesin en vriendekring deel van hierdie uitdaging. By Helderberg leef ons met 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood.

Hierdie Super Seminare kursus van *Child Evangelism Fellowship* is 'n uitstekende kursus vir enige iemand wat in kinderbediening betrokke is of betrokke wil raak. Kontak Marié Schoeman by 082 414 8587 of Minette Krog by 083 655 0111.



**Super Seminar 2019**

Be equipped to lead the adults of tomorrow to Christ

2-5 April  
8:30 am - 4:30 pm  
Somerset West  
Cost R200

**EVERY CHILD  
EVERY NATION  
EVERY DAY**

Each student will receive children's ministry training and material for next term - plus more!

**CEF**  
CHILD EVANGELISM FELLOWSHIP

**RAFFLE GIVEAWAY**

*Two tickets to the value of R600 for the Dance & Dine fundraiser on 6 April, hosted on behalf of the Pearl Project!*

CLOSING DATE: **24 MARCH 2019**

WINNER TO BE DRAWN ON SATURDAY: **1 APRIL 2019**

**TICKETS R50**



PAY VIA SNAPSCAN  
HELDERBERG UITREIK  
REFERENCE: RAFFLE DANCE + SURNAME

IF YOU REQUIRE A ARTICLE 18A RECEIPT PLEASE SEND US AN EMAIL WITH YOUR NAME AND ADDRESS.



BANK: **ABSA** | ACCOUNTNAME: **HELDERBERG UITREIK**  
ACCOUNTNUMBER: **9114483080 (SAVINGS ACCOUNT)**  
BRANCHCODE: **632005**  
USE REFERENCE: **RAFFLE DANCE**  
PROOF OF PAYMENT CAN BE SENT TO:  
**ANTONINETTE@NGHELDER.CO.ZA**

FOR ANY INQUIRIES EMAIL: [info@pearlproject.co.za](mailto:info@pearlproject.co.za)

# Herfsmakietie

13 April van 9:00 tot 15:00



Daar is nog **verkope-tafels** beskikbaar teen R300 per tafel/staanplek. Ook kos- en drinkgoedstalletjies kan gedoen word. Jou tafel word bespreek met bewys van betaling aan [louise@nghelder.co.za](mailto:louise@nghelder.co.za)

Navrae: Louise Theron by 021-851 5582

Bring alles wat jy nie meer in jou huis wil hê nie vir ons **witolifant-tafel** na die kerkkantoor of kontak Maatjie by 021-855 3872 of 082 619 9040 en sy tel dit by jou huis op. Baie dankie vir die wat reeds kom ingee het.


Netjiese gebruikte **kinder- en jeugboeke** kan by die kerkkantoor afgegee word vir Uyavula se stalletjie.

## Kompetisie

Wen 'n pragtige **gehekelde kombors** (*queen size*). Kom koop jou kaartjie vir R30 by Ontvangs en kyk sommer self hoe pragtig dit is. Ten bate van Helderberg Uitrek se waar behoefte bestaan-fonds.

Wen 'n **Woody Storecart** ter waarde van R1 400. Kaartjies by Ontvangs teen R50 elk. Ten bate van Sri Lanka-projek van Helderberg Uitrek. Geborg deur:

Helderberg  
UITREK



# DANS & KUIER 6 APRIL 2019

## FONDSINSAMELING

PLEK: CURRO SITARI  
SKOOL SAAL  
PRYS: R 300 P.P.

- Vier uitnemende gaskunstenaars
- 'n Orkes wat dansmusiek verskaf
- SPIT BRAAI (skaap), hoender, aartappelkies en 3 soorte slaai
- Vars gebakte brood met appelkooskonfyt
- Koekslusters met tee en koffie

(Bring jou eie drank)

VIP PRYS: R 500 P.P.  
(VIP tafels word bedien)

Inkomste is ten bate van  
die Pérel Projek

Inligting:

[www.pearlproject.co.za/dance&dine](http://www.pearlproject.co.za/dance&dine)

Kyk op [www.pearlproject.co.za/dance&dine](http://www.pearlproject.co.za/dance&dine) vir meer inligting oor hoe om jou sitplek of 'n tafel te bespreek. Mense wat nie EFT doen of Snapscan gebruik nie kan hul sitplek by die kerkkantoor betaal.

Helderberg  
UITREIK

### RAFFLE GIVEAWAY

*Enjoy 1 night's accommodation at  
Spier Hotel, breakfast included for  
you and your partner!*

CLOSING DATE: 6 APRIL 2019

WINNER TO BE DRAWN ON SATURDAY 6 APRIL 2019

TICKETS R50



PAY VIA SNAPSCAN  
HELDERBERG UITREIK  
REFERENCE: RAFFLE SPIER + SURNAME

IF YOU REQUIRE A ARTICLE 18A RECEIPT PLEASE  
SEND US AN EMAIL WITH YOUR NAME AND ADDRESS.

BANK: ABSA | ACCOUNTNAME: HELDERBERG UITREIK  
ACCOUNTNUMBER: 9114483080 (SAVINGS ACCOUNT)  
BRANCHCODE: 632005  
USE REFERENCE: RAFFLE SPIER

PROOF OF PAYMENT CAN BE SEND TO:  
ANTOINETTE@NGHELDER.CO.ZA

1692  
Spier

**Kinderevangelisasie:** Verlede jaar het ons berig van kinders wat met groot moeite geboortesertifikate bekom het en uiteindelik skool toe kon gaan. Ons wil graag weer 'n beroep om 'n kind te borg vir die jaar vir taxigeld, daar is 10 kinders. Die taxigeld beloop R300pm en ouers kan dit nie bekostig nie. Indien kinders die skool vir 'n week of langer nie bywoon nie verloor hul weer hul plek in die skool.

'n Eenmalige donasie vir die jaar of maandelikse bydrae kan gemaak word aan Helderberg Uitreik. Baie belangrik: die verwysing daarvoor is: KE-Bus, sien die bankbesonderhede agter op die Helderstem. Baie dankie vir die verskil wat jy in die kinders se lewens maak.

Helderberg  
UITREIK

### 3 belangrike vrae aan die Sri Lanka projekspan:



- **Hoekom gaan ons so ver om die Woord te bring as daar soveel nood om ons is?** Ons gaan omdat ons vriende in Sri Lanka ons mooi vra en die Here ons roep om in die land vol verlore mense Jesus se lig te laat skyn. Daar is soveel mense wat hier plaaslik 'n wonderlik verskil maak waarvoor ons dankbaar is. In Sri Lanka is die nood baie groot, veral in die onbereik- te binneland waar ons kerkies dikwels die enigstes is. 90% van die bevolking glo nie in Jesus nie en baie het nog nooit van hom gehoor nie. Die mense daar het nie die voorreg om omring te wees deur kerke soos hier nie.
- **Hoe vertel mens vir die mense wat nog nooit van Hom gehoor het nie van Jesus, in 'n land waar bekerings onwettig is?** Jy maak verskeie planne om Jesus se liefde te wys, sonder om daarvoor te praat. Jy gee Engelse klasse, hou mediese klinieke, speel sport, werk met vroue en kinders en nooi nie-gelowiges na die kerkkampe. Jy gaan intensionele vriendskappe aan met mense met wie jy normaalweg nie bevriend sou gewees nie. Jy loop 'n lang pad met mense, sodat hulle later self na Jesus draai. Jy gee nie moed op nie en jy raak nie moeg nie. Jy wys liefde deur daad. En jy bid baie. Elke dag. Dan gebeur dit dat die vise-voorsitter van die Ateïstiese vereniging jou eredienste begin bywoon, die Boeddhiste en Hindoes navrae doen Jesus en jou God. Dan bid jy vir 'n Hindoedvrou, sit jou arms om haar en voel letterlik hoe die bouse haar liggaam verlaat.
- **Watter verskil maak dit in die mense se lewens as hulle Jesus begin volg?** Die afgelope 5 jaar het ons die lidmate van ons 3 hoofgemeentes en 2 wyksgemeentes leer ken. Dit is opmerklik hoe die mense nie net in fisieke voorkoms nie, maar ook geestelike groei. Hulle straal en selfs hulle velle wat eens dof was, is blink. Waar hulle voorheen afgerem en moeg gelyk het, lyk hulle vars en fris. Het hulle meer geld? Nee. Het hulle lewensomstandighede as vissers, werkers op teeplantasies en rubber-plantasies verbeter, nie noodwendig nie. Maar hulle het die sin van die lewe ontdek. Hulle leef Jesus.

Vir enige navrae, belangstelling en betrokkenheid kan die Projekleier, Paul Kilian, gekontak word by 083 626 4965 en of epos by [pckilian@gmail.com](mailto:pckilian@gmail.com)

#### Gebedsversoeke:

- Die beskerming van ons leraars in Sri Lanka.
- Die uitbreiding van God se Koninkryk in hierdie pragtige land.



**Helderberg Gemeente  
Bankbesonderhede**

**Bank** ABSA Somerset-Wes  
**Rek nr.** 2900 590 094 (tjek)  
**Rek naam** NGK Helderberg  
**Takkode** 632 005  
**Verwysing** Naam of bediening  
**Navrae** Antoinette du Toit  
021- 851 5582

**Helderberg NG Gemeente**

021-851 5582  
www.nghelder.co.za  
**Leraarnoodnommer**  
**083 988 2003**  
ontvangs@nghelder.co.za

**Kerkkantoorure**

Weeksdae: 08:00 - 16:00

Vrydae: 08:00 - 13:00

Sondae: 08:30 - 11:30

**Skoolvakansie: 8:00 - 13:00**


**Helderberg Uitreik  
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005  
Rek nr. 9114483080  
Spaarrekening  
Verwysing: Projeknaam of WBB

**Beradingsentrum:**

Telefoon: 079 417 3863  
berading@nghelder.co.za  
Annette - 021-850 6923

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14718

**Helderberg Gemeente**

**Helderberg Uitreik**

Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiël en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op [www.nghelder.co.za](http://www.nghelder.co.za) onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

**Versorgingsfonds**



**Helderberg Gemeente  
Bankbesonderhede**

**Bank** ABSA Somerset-Wes  
**Rek nr.** 2900 590 094 - tjek  
**Rek naam** NGK Helderberg  
**Takkode** 632 005  
**Verwysing** *Versorgingsfonds*